DIE SUPERTEKEN

Laat ons bid. Hemelse Vader, ons is dankbaar teenoor U, vanaand, dat U steeds die groot EK IS is, nie die "Ek was" of "sal wees" nie. U is teenswoordige tyd, ons God. En U is dieselfde gister, vandag, en vir altyd, die onveranderlike God. Ons dank U omdat ons hierdie voorreg het om dit te weet, wat aan ons geopenbaar is deur die Heilige Gees. En Hy het ons verseël in die Koninkryk van God, saam met Hom, deur die Teken wat Hy vir ons gelaat het. En ons is so dankbaar Daarvoor. Seën ons, vanaand, waar ons op U wag. In Jesus se Naam bid ons. Amen.

Kan maar sit.

2 Ek moet, net 'n paar van hierdie sakdoeke opsy sit, met . . . Ons gaan vir die siekes bid, vir die res van die aande, as die Here wil. Ons gaan. Maar, ek het Billy gesê dat hy 'n bietjie laat was, vanaand, en hy't nie sover gekom om die gebedskaarte uit te gee nie, maar tog het ons gedink ons sou dit kon doen terwyl ek miskien 'n altaaroproep maak, of iets, sou ons dit kon doen.

3 Nou voel almal goed? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Dis mooi. Ek's—ek's beslis bly om dit te hoor.

4 Nou, ek meen dis aangekondig dat die Sakemanne se ontbyt môre-oggend is. Ek meen dat hulle, dis, hulle het die tyd aangekondig, ensovoorts. Nou laat ons voorbereid wees op enigiets wat die Here ons wil laat doen. Ons besef dat dit die aand is dat enigiets sou kon gebeur, so ons wil voorbereid wees daarop, en gou by die Boodskap uitkom. So, môre het ons 'n baie besige dag.

5 En, Sondag, soos die Sondagoggend, dink ek moet ek hier praat na Sondagskool, Sondagoggend; en Sondagaand. So, julle word uitgenooi na al hierdie dienste. As, natuurlik, as jy 'n pligsposisie êrens het, wat jy veronderstel is om daar te wees, wel, ons sou nie wou hê jy moet dit mis nie.

6 Ek het 'n troue, een of ander tyd, of môre of die volgende dag. Sondagoggend, ja, moet ek 'n paartjie trou van my tabernakel. En so verwag ons om dit ook te sien.

7 En bid nou vir ons waar ons 'n gedeelte van God se Woord wil lees net nou, en uitkom by die Boodskap, binnekort. Hulle wou hê ek moet vroeg kom vanweë die skare wat staan. En so sal ons lees uit Jesaja, die 7de hoofstuk. Ek wil lees, vanaf die 10de vers.

> *En die HERE het verder met Agas gespreek en gesê:*
>
> *Eis vir jou 'n teken van die HERE jou God: sak diep af na die doderyk, of klim hoog op boontoe.*

Maar Agas het geantwoord: Ek sal nie eis nie en die HERE *nie versoek nie.*

Toe sê hy: Luister tog, o huis van Dawid! Is dit vir julle nie genoeg om mense te vermoei, dat julle my God ook vermoei nie?

Daarom sal die HERE *self aan julle 'n teken gee: Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar en hom Immánuel noem.*

8 As ek dit sou noem as 'n onderwerp, vanaand, om oor te praat vir 'n paar oomblikke, oor 'n paar notas wat ek vanmiddag hier neergeskryf het, wil ek graag praat oor, die onderwerp neem van *Die Superteken*.

9 Weet julle, dit is 'n superdag, alles is super. En ons sien dat die—die gevurkte weerlig in die lug op 'n bewolkte aand beslis aan ons verklaar dat daar lig in die duisternis kan wees. Ons is bewus daarvan.

10 God het die einde van die begin af geken, gevolglik kon Hy alles beplan, dat dit sou uitwerk, slegs tot Sy glorie. En dit gee ons moed, om te weet dat ongeag wat kom of gaan, God alles maak, die horlosie tik net presies op tyd.

11 Somtyds raak ons vermoeid, ontsteld. Ons raak haastig. Ons dink: "O, ons moet *dit* doen, of *dit* doen."

12 Maar, onthou, God se horlosie sal net presies op tyd wees. Al hierdie dinge moet so wees. Dit moet alles gedoen word volgens Sy groot kennis, Sy voorkennis, want deur voorkennis kon Hy voorbestem, nie na Sy begeerte nie, maar na Sy kennis. God bestem nie volgens Sy begeerte voor nie. Hy wil nie dat enigeen sou vergaan nie, maar volgens Sy voorkennis het Hy geweet wie sou dit aanvaar en wie sou nie. Gevolglik kon Hy alles laat werk volgens Sy groot horlosie wat voorttik, want Hy kan die einde van die begin af voorspel. En, gevolglik, het Hy geweet dat ons in hierdie dag sou lewe. Hy het geweet dat dit ons dag sou wees. Hy het planne gehad vir hierdie dag. Hy het planne gehad vir elke dag. En nooit het enige van Sy planne ooit gefaal nie. Hy is altyd betyds.

13 En dit is wat ons noem 'n supertydperk. Alles wat jy deesdae sien, moet 'n "super" wees of dit sal nie goed afgaan nie, as jy nie iets super het nie, omdat dit 'n supertydperk is. Hulle het hulle tydperk gehad, en hulle het gehad, nou het hulle die supertydperk, alles wat ons sien.

14 Jy kan nie meer daar na die hoekwinkel toe gaan, en 'n groot blok kaas daar kry lê soos jy altyd het nie. En—en hoe dit altyd was, die ou hoekwinkels, al het jy die kos selfs net so goed, almal wil na 'n klassieke, lugversorgde mark, genaamd 'n supermark gaan. Hulle moet soontoe gaan selfs al betaal hulle meer vir hulle

kos. Hulle moet na die supermark toe gaan. Dis reg. Want dis ’n super. Sien? Almal wil iets super hê.

15 En, vandag, kan jy nie ’n gewone motorkar vat nie. Die ou T-model sal omgery word, nou daar op die straat. Hulle het ’n superkar. Ford moet hulle super maak. Chevy moet hulle super maak. Die res van hulle, verwag om in die wedloop te bly, moet hulle ’n super maak. Alles is super, super, super.

16 Na ’n ruk, kom ons by die lugtydperk. Nou het hulle die skroefvliegtuig gehad. Dan, voor jy jou kom kry, kom hulle aan met ’n straler. En nou het hulle ’n superstraler. Sien, dit moet ’n super wees. Is dit nie, is dit nie—is dit nie met die tyd nie. Alles in hierdie tydperk moet super wees.

17 Ons het altyd die ou hoofweë gehad waarop ons gereis het, nou het jy superhoofweë. Moet vier of vyf bane hê wat eenkant toe gaan en vier of vyf bane wat anderkant toe kom, of jy raak omgery. Sien? Jy moet dit hê, want dis die supertydperk, supertyd. Alles is in die super.

18 Ons dink selfs ons het supermense, of sommige mense dink hulle is super, en hulle probeer so optree, in elk geval. Superras, een ras wil oor die ander regeer.

19 Superkerke, superdenominasies, alles raak super. “As dit nie super is nie, wel, is dit nie so nie.”

20 Ek dink selfs die vrou kry superkleredrag, modern tydperk. Die outydse skoene, hulle het bietjie leer in hulle gehad, jy koop hulle omtrent drie dollar ’n paar, die beste soort, het meer leer in hulle gehad as ’n dosyn pare vandag het, waarvoor jy vyf-en-twintig dollar betaal. Maar dit moet die supertipe wees, weet julle, hake omtrent *so*, en geen tone daarin nie, maar dis super. Julle sien, dis die ding. Jy moet byna in superkurwes wees om daarin te loop, sien julle. Dis reg. Alles het gek geword, vir my, sien. Maar dis ’n—dis ’n supertydperk. Dis ’n supertyd.

21 Al hierdie tekens is die—is die kenmerke van ’n geestelike duisternis. Al hierdie dinge wat ons sien gebeur in hierdie super, super, super, as ons maar geweet het! Ons is haastig, ons moet daar kom, en wat maak ons as ons daar kom? Het altyd gevat, geloop huis toe van die werk af, was altyd dat die kinders skool toe moes loop, en nou het hulle ’n bus wat deur toe kom en hulle optel en hulle begelei skool toe en uit die skool uit, en betaal dan ’n halfmiljoen dollar vir ’n ontspanningskamer, om hulle ’n bietjie oefening te gee, of hulle gaan dood. Wel, hulle het dit altyd gekry met die loop skool toe. Supertydperk! Nou is dit nie reg nie? Selfs die kerke moet hê, hulle het nie genoeg aktiwiteit onder hulle nie, hulle moet vir hulle ’n—’n—’n kamer hê waar hulle almal kan speel en op-en-af spring. Was altyd die Gees wat hulle dit laat doen het, maar nou moet hulle daar beland, soort van ’n supertyd. Sien, lei alles na ’n geestelike duisternis, ’n groot dag waarin ons lewe.

22 Weet julle, Sy mense, God se mense van die Bybel, is altyd gewaarsku, deur God, om te let op die tekens van die tyd. Jesus, toe Hy op aarde was, het vir die Fariseërs van Sy dag gesê, Hy het gesê: "Julle blinde Fariseërs." Het gesê: "Julle gaan na buite in die aand en julle kyk en sien die lug is skoon en rooi," gesê: "'Môre,' sal julle sê: 'sal dit 'n helder dag wees.'" En het Hy gesê: "Dan gaan julle uit en hulle daal, lyk dreigend, dan: 'Môre sal dit gure wees wees.'" Hy het gesê: "Julle kan die aangesig van die lug onderskei, maar die teken van die tyd kan julle nie onderskei nie." Het gesê: "As julle My sou herken het, sou julle My dag herken het. As julle Moses geken het," het Hy gesê: "sou julle My herken het, omdat Moses van My geskryf het."

23 Op 'n ander wyse, soos ek aan die sê was, hulle sou geweet het dat die Skrif wat vervul moes word in daardie dag, aan die gebeur was, en hulle het dit nie geweet nie. Hulle het hulle—hulle oë so gevestig gehad op hulle tradisies, en dinge, totdat hulle nie die werklike Skrif voor hulle oë kon sien ontvou nie.

24 Ek wil hierdie tydperk daarmee gelykstel. Dat selfs onder die—die goeie mense, somtyds, faal hulle om dit te sien. Hulle stap net weg, en, eerlik, ek—ek . . . Dit sou my ontmoedig het as ek nie geweet het dat Jesus gesê het wat Hy het, daaroor nie, dat: "Niemand kan kom tensy My Vader hom trek nie, en almal wat die Vader My gegee het sal kom." Hulle sal nooit in staat wees om Dit te sien nie. Hy het gesê: "Tereg het Jesaja van julle gespreek, gesê: 'Julle het oë en kan nie sien nie, ore en kan nie hoor nie.'" Dis 'n jammerlike gesig, maar dis hoe hulle was.

25 En nou vind ons net omtrent dieselfde ding bestaan vandag, wanneer ons weet dat ons lewe in die uur dat groot duisternis die aarde sal moet bedek en die mense. En ons vind, dat al hierdie modern prestasies, van supertydperk, ensovoorts, waarin ons lewe, is slegs die teken van groot duisternis in die geestelike ryk. Ons is in die Laodicese kerkeeu, waar hulle net louwarm is. Hulle kan kerk toe gaan, en mense doen dit, en—en het skynbaar 'n besieling om kerk toe te gaan; maar om enigiets te herken van die Gees, die tyd waarin hulle lewe, is sommige van hulle so blind as hulle kan wees oor daardie dinge. Maak nie saak wat God sou doen nie, en hoe dit deur Sy Woord bewys sou word nie, hulle kan dit steeds net nie sien nie. Ek wonder of dit nie net omtrent is soos wat Hy gesê het nie: "Ons het oë, maar ons kan nie sien nie." Ons behoort rond te kyk en te sien al hierdie dinge wat gebeur is 'n teken dat die einde op hande is, omdat hierdie die dinge is wat voorspel is om te wees teen daardie tyd.

26 Ek wil hê julle moet let op die onveranderlike kontinuïteit van God se Woord en Sy werke. Sien, Hy verander nooit Sy—Sy program nie. Hy verander nooit Sy weë nie. Net so volmaak, die Skrif is in volmaakte kontinuïteit. Alles wat God doen is in kontinuïteit met wat Hy gedoen het. Sien? En wat Hy

eerste gedoen het, dis, Hy sal dit die tweede keer op dieselfde manier doen.

27 En net om dit vir julle te bewys, het Hy wette gemaak op die aarde. En Hy het altyd Sy mense 'n teken gegee voor die gebeurtenis plaasvind. Nou Hy het dit altyd gedoen. En Hy sal dit altyd doen, omdat Hy die onveranderlike God is. "Ek is God," het Hy gesê: "Ek verander nie." Die manier waarop Hy Sy program aanvanklik opstel, dis die manier waarop dit in elke tydperk is. Hy verander dit nooit nie.

28 Toe Hy die wêreld op 'n vier-en-twintig uur basis laat draai het; ons mag dagligbesparende tye, en alle soorte tye hê, maar dit verander nooit die draai van die wêreld nie. Sy maak haar volledige sirkel elke vier-en-twintig uur, tol om. Verander nooit die seisoene nie, God het lente, somer, winter net presies soos dit altyd was. Dis die manier waarop Hy die eerste gedoen het, dis die manier waarop Hy dit elke keer doen. Die kontinuïteit van Sy wette, en van Sy Woord, en van Sy werke, hoe smelt dit alles nie net volmaak saam nie!

29 Gevolglik, as ons kan sien wat was, kan ons weet wat is en wat sal wees. Jy kan jou gedagtes daarop baseer, want die Skrif sê: "Hy is dieselfde gister, vandag, en vir altyd."

30 Ons let op voor lentetyd kom. Kyk na 'n paar van Sy wette. "Wanneer julle sien die bome begin bot," het Hy gesê: "weet julle die somer is naby." Lentetyd is 'n teken van die voorstelling van somer wat aankom. Dis 'n wet. Dit gebeur altyd so. Jy het nie somer, en dan omtrent die tyd wat dit winter raak, dan kom die blare aan nie. Nee, jy het eers die blare, want dis 'n voorstelling van Sy natuurwette, dat lentetyd aan die kom is. Dit faal nooit. Wanneer julle sien die bome begin sag raak, rondom die bas, en die knoppies begin uitswel, weet julle dat dit 'n teken is dat lentetyd hier is, aan die inkom is.

31 Wanneer julle die herfs van die jaar sien voor ons ryp het of enigiets, en die blare val van die bome af, sê julle: "Wel, herfs is naby." Hoe weet julle? Omdat die blare val. Die natuur maak gereed daarvoor. Elke jaar is dieselfde.

32 Hy gee ons ook 'n teken in die verandering van die weer. Jy kan uitgaan en kyk, soos Hy gesê het: "Julle sien die lug is rooi en daal, môre sal gure weer wees." En Hy verander dit nooit nie. Hy waarsku ons altyd. Jy kan vat, voel die lug begin klam raak, 'n lang tyd voor die storm, en kyk hoe die natuur alles inskakel daarby. Dis 'n teken.

33 Soos ek dikwels gesê het: "As daar geen Bybel was nie, sou ek geweet het daar is 'n God, net deur dop te hou hoe die natuur werk." Dis Sy wette, hulle is almal in kontinuïteit met mekaar. Sy Woord is in kontinuïteit; Dit kan nie faal nie. Sy tekens is in kontinuïteit met die tyd. Die tekens is reg saam met die Bybel. Die tekens is reg in die maan. Die tekens is reg in die lug. Die

tekens is reg op aarde. Die tekens is reg in die kerk. En ons kan in die kerk rondkyk, vandag, en sien die teken is net reg vir Hom om te kom.

34 Byvoorbeeld, hoe dit in die natuur werk. Ek was daar in die noordelike woude waar ek sou jag, voor ons ooit 'n—'n koue vlaag gehad het; eendjies gaan uit Louisiana uit, gaan daarheen en maak hulle neste, en broei hulle kleintjies uit. Laat die eerste koue briesie net kom van die top van daardie heuwel wanneer die sneeu kappiemaak op die berge, en daardie eendjies staan daarvandaan af op, en was nooit van daardie dam af gewees nie, en kom net so reguit terug na Louisiana as wat hulle kan kom. Dis 'n natuur, sien, die wette van die natuur. Hulle doen dit elke jaar. En dan laat, voor jy jou kom kry, hieronder in Louisiana begin die warm son neergiet, hieronder in Louisiana, kyk hoe kom hulle almal saam, swerm weer, en vat weer terug na die berge toe.

35 Hou die ganse dop hier in Texas, waar baie van hulle gaan. Ek het die tyd gesien dat ons die kar moes stop, op die pad. Hulle is nie gepla deur niemand nie. Hulle dink aan vertrek. Hulle het 'n herlewing aan die gang. Hulle almal saam, jy het nog nooit so 'n geraas gehoor nie. Dis erger as die Pinksterbeweging, wanneer hulle bymekaar kom. Sien? Wat is dit? Dis die wette van die natuur. Sien, hulle, elke jaar kom hulle bymekaar, swerm dan, en weg is hulle. Wanneer daardie eende vertrek, en ganse Texas verlaat, is somer op pad. Dis reg.

36 En wanneer hulle noordelike Britse Kolombië verlaat, is winter onderweg; hoor daardie ganse oorgaan, skree soos hulle maak, gaan suid. Ek kan na hulle luister en huil, want ek sien God hulle lei. Wat is dit wat hulle lei deur die padlose lug, wanneer hy niks anders as 'n stomme dier is nie? Wat is dit wat dit doen? Wanneer ek hom hoor deurgaan, skreeuend, daardie leier daar, soort van sy weg vind; dalk het hy nooit tevore sy pad na Louisiana gevlieg nie, maar hy sal daar kom. Bekommer jou nie. Hy het iets in hom wat hom sê waarheen om te gaan. Hy onderneem sy vlug. Hy lei die trop. Die hele swerm van hulle kom. Hulle was dalk nog nooit tevore hier nie. Maar hy weet net presies waar die—die rys-akkers die rys het, want hy het iets wat hom lei. Dis 'n natuur.

37 Dan die lente, wanneer dit lekker en warm is hier deur die winter, sal hy weer reguit teruggaan. Waarom? Dis 'n natuur wat homself vertoon. Dis die wette van God.

38 Sy tekens loop altyd Sy gebeure vooruit, net soos dit maak. Wanneer julle die ganse sien vertrek, die botsels sien uitkom, die blare sien afval, sien, dis die kontinuïteit van die natuur wat versmelt. God se wet van die natuur smelt in, en Hy loop Sy gebeure vooruit. Dit was altyd gewees, dit het nooit gefaal nie, en dit sal nooit faal nie.

39 As ons maar net die kontinuïteit van God se Woord volg, sal ons ook nooit faal nie. As ons nie die—die modern neiging van die dag aanvaar en—en iets anders daarin probeer inspuit nie, maar slegs die kontinuïteit daarvan volg vir hierdie tydperk, dophou wat plaasvind. Ons sal ook reguit huis toe gaan, een van die dae. Doen dit altyd, en faal nooit nie.

40 Profete is die vernaamste teken. God se vernaamste teken is 'n profeet. Nou ek gaan 'n paar minute daaroor praat. Hulle is Sy Woord gemanifesteer vir daardie tydperk, en dis waarom 'n profeet altyd God se vernaamste teken is. Hy het nooit 'n oordeel oor die aarde gestuur sonder om eers 'n profeet te stuur nie. Kyk maar, en deursoek die Skrifte. 'n Profeet is die vernaamste teken van God, aan Sy mense, dat Hy hierdie persoon gestuur het, hierdie sekere persoon, soos Noag, soos Moses, en—en Elía en die profete. Hy stuur hulle om die Woord vir daardie tydperk te manifesteer, om Sy mense 'n waarskuwing te gee.

41 Net soos Hy 'n koue vlaag stuur op die eende, om hulle van die Noorde na die Suide te stuur, kontinuïteit in die natuur, kontinuïtiet in die Woord, Hy faal nooit om dit te doen nie. As dit koue weer vereis om hulle daarheen te stuur, vereis dit volgende jaar weer koue weer om hulle daarheen te stuur. As dit warm weer vereis om hulle terug te stuur, vat dit volgende jaar weer warm weer om hulle terug te stuur.

42 En wanneer God gereed maak om 'n oordeel te stuur, voor Hy oordeel stuur, stuur Hy 'n profeet en manifesteer Sy Woord, bevestig die Woord van daardie tydperk. Hy het dit in alle ander tydperke gedoen. Hy het belowe om dit in hierdie tydperk te doen. En Hy sal dit in hierdie tydperk doen, ongeag wat mense daaroor sê. Hy sal dit in elk geval doen, want Hy kan nie Sy kontinuïteit verbreek nie. Dis hoe Hy beplan het, Hy doen dit altyd op dieselfde manier. Hy faal nooit om dit te doen soos Hy dit die eerste keer gedoen het nie.

43 Soos Johannes die Doper, nou, ons het vierhonderd jaar gehad van Maleági tot Johannes, was daar geen teken gewees, 'n profeet van die Ou Testament nie, omtrent so 'n lang tyd (uitgesonder die tyd van die rigters) wat daar ooit was sonder 'n profeet. Wat was die probleem, waarom het hulle nie 'n profeet gehad gedurende daardie tydperk nie? Daar was geen Woord bestem vir daardie tyd nie. Hulle moes wag totdat die tyd reg word. Hulle moes wag. Die profesie in Maleági het gelui, was Maleági 3: "Aanskou, Ek stuur My boodskapper voor My Aangesig, hy sal My weg berei voor My uit," Maleági 3:1. Nou, dit was Maleági se profesie van die koms van die Here Jesus. Niks moes intussen plaasvind nie, toe raak die kerk net laks en gaan voort op sy eie manier, totdat die tyd van die belofte nadergekom het.

44 En toe die tyd van die belofte nadergekom het, het God, op ’n bonatuurlike wyse, Johannes op die aarde gebring. Hy was ’n man gebore uit ’n vrou, natuurlik, en ons weet sy moeder is genoem “Elisabet,” en sy vader is “Sagaria” genoem. Hulle was goeie mense. En sy vader was ’n priester. Dit was die gewoonte van die seuns van die dag om die—die werk van hulle vader voort te sit, maar ons word geleer dat Johannes, toe hy nege jaar oud was, na die dood van sy vader, in die wildernis ingegaan het en alleen gebly het totdat hy dertig was.

45 Sien, as hy uitgedraai het wat sy vader was, sou hulle hom so opgemors het dat hy nie sou weet hoe om daardie Messias raak te sien wanneer Hy kom nie. Hy sou Hom nooit herken het nie. Maar hy het in die wildernis gebly. As hy na die kweekskool sou gegaan het, met sy vader se denkwyse, dan sou elkeen van hulle gesê het: “Nou, Johannes, ons verstaan dat jy die een gaan wees wat die Messias sal herken wanneer Hy kom. Nou, dink jy nie die Broer *So-en-so* hier pas net presies in die rol nie? Wat van Kájafas, ons hoëpriester vandag, dink jy nie hy’s net ’n wonderlike man nie?” Dit alles in sy heilige gemoed, hy sou nooit in staat gewees het om dit reg te bedink nie.

46 Hy het uitgegaan in die wildernis in, en het gewag! Sy taak was te groot vir geleerdheid. Sy taak was te groot vir teologie. Hy moes die Messias aankondig. En hy het in die wildernis gebly.

47 Kyk na sy prediking. Sy prediking was nie etiek van—van daardie dag se teologie nie. Julle let op dat dit nie was nie. Waaroor het hy gepraat? Byl teen die boom, adders. Sien, dis al wat hy geken het. Hy het grootgeword in die wildernis. Dis wat hy geken het: adders, en bome, en byle, ensovoorts. En dis waarop sy boodskap gebaseer was, die natuur. Toe hy gesê het: “Julle addergeslag, wie het julle gewaarsku om te vlug van die toorn wat kom? Moenie dink dat julle Abraham as vader het nie, want God is in staat om uit hierdie klippe kinders van Abraham op te wek. En ook lê die byl teen die wortel van die boom, en elke boom wat nie goeie vrugte voortbring nie, word uitgekap en in die vuur gewerp.” Het gesê: “Ek doop julle inderdaad met water tot bekering. Maar daar kom Een na my Wie se skoene ek nie waardig is om te dra nie, Hy sal julle doop met die Heilige Gees en met Vuur. Sy waaier is in Sy hand; Hy sal sy vloere deeglik reinig, en die kaf met onblusbare vuur verbrand, en die koring na die skuur neem.” Amen.

48 Daar is ’n man, ’n profeet inderdaad. Hy het ’n teken gehad wat hy moes dophou. En toe hy die Messias gesien het, was hy so seker dat Hy in sy dag sal kom, was hy so positief. O, as die Kerk maar Sy positiewe posisie kon kry, as Dit maar Sy standpunt in die uur kon herken! Want, volgens die Skrif, was hy die een om die Messias voor te stel, en hy het geweet Hy moes op aarde wees in die dae van sy profesie. Daarom het Hy vertoef na aan waar hy gepreek het, tot so ’n mate dat hy gesê het: “Daar staan nou

Een tussen julle, wat julle nie ken nie, Een tussen julle juis nou." Hy het dit geweet. Hy was daar. Die uur was op hande. Hy het dit geweet.

49 Op 'n dag het hy gekyk, het uit die Hemel neergedaal . . . En hy het 'n—'n Lig gesien, soos 'n duif wat uit die Hemel neerdaal. En die Een vir Wie Dit belig het, hy het gesê: "Ek getuig dat dit die Seun van God is." Hy het Dit gesien. "Want Hy het, in die wildernis, vir my gesê: 'Op Wie jy die Gees sal sien neerdaal en op bly, dis die Een wat sal doop met die Heilige Gees en met Vuur.'"

50 Hy was 'n man gestuur deur God, opgelei deur God, en het gewerk vir God, totdat God en hy word . . . Hy was die profeet, en die Woord het na hom gekom, soos ek nou die aand gesê het, in die water. Hy was die Woord vir die . . . van God, vir die tyd van die profesie van Maleági. Maleági het gesê daar sou so 'n persoon wees, en Johannes het op die toneel verskyn, 'n profeet, om die Woord van die Here vir daardie dag te vervul. So, dit, hy was die teken vir Israel, as hulle maar net die teken sou herken het.

51 Selfs die dissipels het gesê: "Waarom is dit dat die skrifgeleerdes sê dat die profeet eers, Elía eers moet kom?"

Hy het gesê: "Hy het alreeds gekom, en julle het hom nie herken nie."

52 God doen dit op so 'n eenvoudige manier, net om daardie uitverkore saad op te tel, dat die ander dit nooit sien nie. Dis die waarheid.

53 Hoeveel wyse manne was daar nie in Babilon nie, wat sterrekunde bestudeer het, toe hierdie drie wyse manne dit herken het, hoeveel, in daardie sonnestelsel, toe daardie drie sterre in lyn gekom het, dit 'n teken was die Messias was op aarde? Hulle het dit herken. Hulle het dit geglo. En hulle was die een wat die sterre gesien het. Die res van hulle het dit nie gesien nie. Hulle was in hulle regte konstellasie, maar hulle het hulle gesien op die manier wat God hulle aan hulle voorgestel het.

54 Dis hoe die Evangelie vandag is. Dit kan net gesien word op die manier wat God dit vir jou voorstel. En as dit aan jou voorgestel word buite die kontinuïteit van die Bybel, dan is dit nie God wat jou dit sê nie. Amen. Jy kan die Bybel nie laat lieg nie. Dis die onfeilbare Woord van God. En dit moet ooreenstem met die kontinuïteit van Sy, die res van Sy Woord. Dit kan nie net *dit* een plek sê, en *dit* iets anders nie; en *dit* doen daar, tref, sprei nie. Hy tref die teiken elke keer, die Woord doen dit, so jy moet dit maak in die kontinuïteit van die res van die Woord. Daarom, was Sy wyse altyd gewees, in die Woord, om 'n profeet te stuur voor daardie tyd, voor Hy Sy Woord bevestig laat raak.

55 Nou kan ons hier praat, net 'n minuut, wat is 'n *profeet*. Nou in die Engelse terme, volgens die Engelse terme daarvan, beteken dit 'n "prediker." Wel, dis die Engelse terme. Maar in die Hebreeuse terme, word dit "siener" genoem.

56 En ’n siener was die een wat die interpretasie van die geskrewe Woord gehad het, en hy het dinge wat sou kom vooruit gesien. En wanneer hy gespreek het van die dinge wat sou kom, en bewys het hy was ’n siener, dan het hy geweet. Hulle het geweet hy het die regte interpretasie van die Skrif gehad, want God het, deur hom, die geskrewe Skrif vir daardie dag gemanifesteer. Amen. Moenie traag wees nie. Word wakker! Dit was die duidelike identifikasie, ’n siener, ’n vooruit-spreker en ’n spreker-vooraf. En die enigste manier waarop hulle geweet het hy het die regte interpretasie van die Skrif gekry, want wat hy gesê het, is vervul. Dan het hulle geweet hy is deur God geroep, God het dit gesê. En dan het hulle opgelet dat dit het, dit reg teruggekom het in kontinuïteit met die Woord vir daardie dag.

57 Jesus het gesê: “Ondersoek die Skrifte!” Toe hulle gesien het Hy kon die gedagtes in hulle gemoed onderskei, en hulle Hom Beëlsebub genoem het, het Hy gesê: “Ondersoek die Skrifte, Dit is Dié wat van My getuig.” Die kontinuïteit van die Skrifte wat perfek saam met die teken van die tyd loop! Hy was God se teken van die tyd. Hy was die manifestasie van die geskrewe Woord, en kon ook voorspel wat sou gebeur, en hulle kon dit nie ontken nie. Hy was die superteken van die dag. Hy was beslis.

58 Let op die kontinuïteit van Sy onveranderlike Woord, ook die Heilige Gees. Jesus het gesê: “Wanneer die Heilige Gees op julle is, sal Hy julle herinner aan, of hierdie dinge openbaar wat Ek julle gesê het, en julle ook toon dinge wat sal kom.” Nou die Bybel . . .

59 Die mense sê vandag: “Daar is nie so-iets soos ’n profeet, in die wêreld nie.”

60 Wel, waarom is dit dat Paulus dit in die kerk gestel het? “Daar was eerste apostels, profete, leraars, pastore, en evangeliste.” Sekerlik, daar was.

61 Die Heilige Gees is die Profeet. “Wanneer Hy die Heilige Gees op julle gekom het, sal Hy openbaar, of julle leer, julle toon. Hierdie dinge wat Ek vir julle gesê het, was alles in ’n raaisel, julle verstaan dit nie nou nie, omdat dit nie nou julle tydperk is nie. Maar wanneer die Heilige Gees gekom het, sal Hy daardie dinge laat uitleef, reg volgens die belofte. Nie alleen dit nie, maar Hy sal julle dinge toon wat moet kom.”

62 Glorie! Die kontinuïteit van God se Woord, God se belofte, God se Gees. Ons leef in die uur, aanskou die ontplooïng van die profesieë van die tydperk, wat vervul word. Watter groot tyd leef ons nie in nie! Die Heilige Gees sou ons dinge toon wat moes kom.

63 Die mens het ewig probeer presteer en vir hom ’n naam maak deur vir hom ’n superteken te maak. Wat laat ’n mens probeer om vir hom iets super oor die ander te maak? Waarom doen hy dit?

Want, in hom, is hy ’n natuur. Hy, van natuur, is hy ’n sondaar, maar in statuur is hy ’n gevalle seun van God.

64 Waarom maak hy vir hom so ’n mooi huis, verbeter dit die heeltyd? Is be-. . . Die voël maak nie sy huis anders nie. Die erdvark leef steeds in die grond, soos hy duisend jaar gelede het. Sien? Die voël bou steeds ’n nes soos hy duisend jaar gelede het. Sien? Maar die mens neem toe. Waarom? Hy’s . . . en hy—en hy is ’n gevalle seun van God. Daar is iets in hom wat hom sê dat ’n paleis, nog mooier, en daar is iets in hom wat dit probeer vind. Dit soek daarna. O, as ons na ’n paar van hierdie huise vandag kyk, wat sal hulle wees aan die ander kant? Wanneer ’n gevalle natuur so ’n ding kan doen, wat sal dit wees?

65 Maar dis wat hom dit laat doen, sy natuur binne-in hom. Al is hy gevalle, probeer hy iets maak in homself. Hy probeer dit doen. Was van die begin af gewees.

66 Adam, hy het ’n supergodsdiens probeer maak, sonder ’n versoening. Hulle probeer dit steeds doen. ’n Supergodsdiens, maak ’n godsdiens sodat hy enige manier kon leef wat hy wou, sonder ’n versoening, en steeds ’n bedekking hê. Hy het dit in die begin probeer, en hy probeer dit steeds doen.

67 Maar God se voorsiene weg was ’n versoening, en dit sal nooit op enige ander manier werk nie. Dit moet neerkom op ’n versoening.

68 Nimrod het ’n supertoring probeer bou, ’n godsdienstoring. Of daar enigeen sou wees wat sou . . . ’n Klein toring kon miskien dertig voet hoog gewees het, maar hy wou iets super maak, iets groter, toe bou hy vir hom ’n toring. Dit was in sy dag.

69 Nebukadnésar wou ’n superstad bou. Hy het die patroon van die Hemel af geneem, die hangende tuine, die rivier Eufraat, verby die troon; net soos die Water van Lewe, die Rivier van Lewe, wat verby die Troon van God loop. Hy het ’n superstad probeer maak.

70 Die Verenigde State, het ’n paar jaar gelede, ’n superskip probeer maak. Hulle het dit gemaak, so het hulle gesê: “Dit sou nooit sink nie. Dit sou nie gesink kon word nie.” God het dit Titanic op die bodem van die see gesit. Wys dat die mens se prestasies nooit iets sal beteken nie. Dis alles stof en keer terug na stof, wat in hom is.

71 Rusland probeer, vandag, om ’n superwetenskaplike te laat opstaan wat ’n paar wetenskaplike dinge kan doen, om die wêreld te verower.

72 Frankryk het, nie lank gelede nie, gedink hulle kon nog steeds hulle vroue, wyn, en lekker tyd hê; toe maak hulle vir hulle, sogenaamd ’n Maginot-Linie, het hulle kanonne almal op Duitsland gehad, die aartsvyand. “As hulle ooit hierheen kom! Ons sal net lewe soos ons wil. En ons sal ’n groot superlinie hier

maak, dit uit beton maak, ons kanonne rig. As hulle ooit kom, sal ons 'n knoppie druk; dit sal almal vuur en hulle terug blaas in Duitsland in." Duitsland het reg agterom gemarsjeer. Hulle het vergeet.

73 Net so het ons vergeet! God, met Sy magtige hand, toon hierdie wêreld dit kan nie standhou nie. Maar hulle wil 'n superteken hê.

74 Hulle het vir hulle 'n Maginot-Linie gemaak, en Duitsland het reg daar agterom gemarsjeer, omdat hulle vergeet het. So, hulle kon die kanon op 'n toring geplaas het, kon dit omdraai na die ander kant en skiet. Hulle het dit vergeet.

75 Dis net wat die kerk vandag vergeet. Hulle het 'n superkerk. Hulle het 'n superdenominasie. Hulle het supergeklede mense. Hulle het alles wat hulle wil hê, en superpredikers met supergeleerdheid. Maar julle vergeet dat God se Woord nie kan faal nie. Dit moet gebeur op die manier wat God gesê het dit gaan gebeur. Daar is geen manier om daarby verby te kom nie.

76 Dan kom Duitsland, lateraan. Hulle het gedink dit was 'n goeie idee, toe sou hulle dit so maak dat hulle hulle kanonne kon omdraai. Toe bou hulle vir hulle 'n linie, genaamd die Siegfried-linie, maar Amerikaanse grofgeskut het hulle uit die grond uitgeblaas. Sien?

Hulle probeer iets super, super maak, heeltyd.

77 Kerk wil vandag hulle superdenominasie hê. Ons het vir 'n lang tyd probeer, Metodiste vat alles, Baptiste vat alles. Toe kom die Pinksters in die wedloop, vat hulle alles. Katolieke probeer alles vat. Toe vind hulle uit, 'n klein verstrooide groep, hulle kan dit nie doen nie. Maar sit hulle bymekaar, hoe Skriftuurlik klink dit nie! "Sit ons bymekaar! Sit ons bymekaar, dan sal ons dit doen. Ons sal kommunisme die oseaan in jag."

78 Weet nie dat God kommunisme laat opstaan het om hulle te verslaan nie. Dis 'n groot word vir 'n prediker om te sê. Maar ek raak so siek van dit te hoor: "Kommunisme! Kommunisme!" Julle ken die tekens van kommunisme. Maar die uur waarin julle lewe, julle weet niks daarvan nie. Weet julle nie God het belowe om dit te doen nie? Net soos Hy begin het, rig Nebukadnésar op om Israel te vernietig, omdat hulle nie Sy weg gewandel het nie. Die Bybel leer dit duidelik, en dit is die uur waarin dit sal gebeur.

79 Ons vind, in die dag waarin ons lewe, al hierdie dinge uit. Hulle is nie iets verborge nie, dis iets wat God in die Woord openbaar het, maar mense is te blind om dit te sien.

80 Vandag dink ons: "Wel, nou, as ons kan saamkom in die eenheid wat daar is, of in 'n raad, 'die menigte van die raad is daar veiligheid.'"

81 Dit is waar, maar in watter soort menigte beraadslaag julle? Hoe kan julle saamloop? Hoe kan julle hierdie denominasies

saamgooi? Sommige van hulle gelowiges, en sommige ongelowiges, en sommige skyngelowiges, hoe gaan jy hulle bymekaar laat sit en saamloop? "Hoe kan twee saamloop tensy hulle saamstem?" is daar ook geskryf. Kyk hier wat hulle doen, hulle maak hulleself 'n menigte.

82 Eenkeer het hulle dieselfde ding gedoen in die Bybel, toe Agab in die moeilikheid was, en, of Agab daar gestuur het vir Jósafat om daarheen te kom van—van Judéa af en—en om uit te vind of hy sy leërs sou vat en hom die stryd help veg. En Jósafat, 'n gelowige uit verbinding met sy God, het daarheen gegaan en gesê: "Ja."

83 Het gesê: "Daar is 'n stuk grond daar wat aan ons behoort. Dis ons s'n. God het dit vir ons gegee. Die profeet Josua het ons daardie grond toegeken, en nou vind ons uit dat dit aan die vyand behoort. Die vyand kweek koring daarop wat in die mae van ons Hebreërs behoort in te gaan, en nou neem hulle dit daar saam met die vyand." Het gesê: "Sal ons optrek? Sal jy optrek saam met my?"

84 Wel, nou, Jósafat, sonder om na te dink, het gesê: "Wel, sekerlik. My strydwaens is jou strydwaens. My perderuiters is jou perderuiters. My voetsoldate is jou voetsoldate. Ons is broers. Laat ons saamstem, ons sal 'n verbond sluit en ons sal optrek." Toe tref dit hom: "Ons moet liewer, eers, God raadpleeg." O, goeiste!

85 Voor julle by daardie ding aansluit, moet julle liewer eers God raadpleeg. Julle moet liewer uitvind voor julle julle kerk in so 'n Babilon soos dit ingooi. Julle sal dit moet doen, of anders die teken van die dier aanvaar. Maar gaan voort.

86 Hulle het gesê, Agab het gesê: "Sekerlik, ek moes daaraan gedink het." Gesê: "Ek het vierhonderd hier by die kweekskool, Hebreeuse profete, die beste wat daar in die land is. Daar is geen beter, êrens nie. Ons sal hulle laat haal."

87 En die profete kom daar aan, en hulle het almal geprofeteer. Seker, hulle was presies saam met die—die regte idee, het hulle gedink. Hulle het gesê: "Sekerlik, dit behoort aan Israel. As God dit aan Israel gegee het, behoort dit aan Israel.

88 Maar God gee jou slegs hierdie dinge op voorwaardes. Dis wat ek dink oor die gawes van die Gees, in die Kerk, vandag. So baie sê dit moet daarin wees. Maar dit sal slegs daar inkom onder voorwaardes.

89 'n Bekende prediker het vir my gesê, nie lank gelede nie: "Sal jy nie ophou pik op daardie vroue en mans, oor *dit*, *dat* en die *ander* nie?" Het gesê: "Hulle beskou jou as 'n siener, of profeet." Gesê: "Waarom leer jy hulle nie hoe om die Heilige Gees en groot gawes te ontvang nie?"

Ek het gesê: "Wat sou hulle daarmee doen?"

90 Het gesê: "Jy, jy behoort hulle beter dinge te leer as om hulle te probeer vertel hoe om hulle hare te knip en hulle klere te dra, ensovoorts. Jy behoort dit nie te doen nie."

91 Ek het gesê: "Hoe gaan ek hulle algebra leer as hulle nie eens na hulle ABC's wil luister nie?" Sien? Hoe gaan jy dit doen? Hulle het die . . . God gee hierdie gawes op voorwaardes.

92 En daardie grond het aan Israel behoort, op voorwaarde dat dit getrou gebly het aan God. Maar kyk watter renegaat het hulle daarin gehad vir 'n pastoor, het net afgodery en wat nog toegelaat om ingevoer te word. Maar die profete wat gedink het dat wat aan God behoort het, het behoort aan Israel, was 'n gawe aan Israel, hulle behoort dit te besit.

Dis dieselfde ding wat vandag plaasvind.

93 Maar onthou toe hulle almal profeteer het uit een mond, en een van hulle, ek meen, Zedékia, het vir hom 'n yslike groot paar ysterhorings gemaak. Hy het gesê: "Julle sal hierdie neem en die Siriërs reg uit die land uitstoot, met hulle."

94 En dit het net nie hierdie godsdienstige, goeie, morele man, Jósafat, aangestaan nie. Hy het gesê: "Wel, het jy nie nog een nie?"

95 "Nog een, wanneer ons vierhonderd het? Vierhonderd, uit een mond, sê: 'Ons sal die Raad van Kerke hê. Ons sal—ons sal dit net doen.'" Sien, hulle was dit almal eens. Het gesê: "Hulle stem, iedereen, saam." Gesê: "Waarom gaan jy dan nie voort en trek net op saam met my nie?"

96 Hy het gesê: "Is daar nie net nog een wat jy sou kon raadpleeg hieroor, wat kontak met God het nie?"

97 Hy het gesê: "Ja, daar is nog een, maar ek haat hom beslis." Daar is dit.

98 "O, laat die koning nie so sê nie," het Jósafat gesê. "Laat—laat ons hom gaan raadpleeg en—en kyk wat dit sal wees."

99 Hy het gesê: "Daar is een, ja, ek ken hom, die seun van Jimla," gesê: "Miga. Maar," gesê: "ek haat hom." Het gesê: "Hy plaas altyd vloeke op my. Hy vertel my altyd ek is verkeerd en—en hel wag vir my." Het gesê: "Ek haat selfs om hom te hoor preek. Geen van die res van die predikers wil hom eens in hulle kerke hê nie." Gesê: "Ons het hom uitgeskop, lank gelede, uit die assosiasie uit." Gesê: "Ek weet nie eens waar jy hom sou kry nie."

"O," het hy gesê: "moenie dat die koning so sê nie. Laat ons hom gaan haal."

100 So toe het een van die assosiasie na hom gegaan. Hy het gesê: "Nou, Miga, jy het 'n kans om weer jou lidmaatskapkaart terug te kry, as jy dieselfde ding sal sê wat hulle sê. Sien, as jy dit net sal doen, as jy met ons sal saamstem, dat ons almal by die raad

behoort aan te sluit en almal saam ingaan, sal ons net. . . jy sal een van ons wees."

101 O, maar God het altyd iemand wat getrou sal staan. Hy het gesê: "Soos God leef, ek sal slegs sê wat Hy my sê om te sê." Amen.

102 Dit was die teken vir Jósafat. Julle weet hoe die storie gaan. En hy het gesê: "Wel, God het gesê!" Alhoewel vierhonderd in 'n raad teen hom was, tog het hy gestaan. En dit was 'n teken vir Jósafat. En Jósafat wou nie daarheen gaan nie.

103 So vind ons uit wat die uitkoms was, want daardie man se woord was presies volgens die profeet se woord wat vir Agab se dag geprofeteer was: "Omdat hy die regverdige Nabot gevat en hom doodgemaak het, en dinge, het God vir hom gesê, deur die profeet Elía, dat: 'Die honde sal jou eie bloed oplek,' dis reg, en wat sou plaasvind, en hoe hulle Isébel sou eet." Hy het geprofeteer. Dit was die Woord, en Miga was die een wat dit in vervulling sou bring. Amen.

104 Hy was 'n profeet-teken van daardie dag, as hulle maar na hom geluister het. Dit het nog nooit gefaal nie. God stuur dit altyd.

105 Almal wil altyd 'n teken hê. Ons is veronderstel om te soek na tekens. Dis reg. Maar godsdienstige. . . Skriftuurlike tekens, nie godsdienstige tekens nie; Bybeltekens.

106 Almal het 'n teken gaan soek, en hulle het geweet dit sou 'n superdag wees; God wat die einde van die begin af sien, toe het Hy gesê: "Ek sal hulle 'n teken gee, 'n superteken. Ek sal hulle 'n Ewige teken gee." Amen. "Ek sal hulle een gee wat nooit sal faal en nooit sal verbygaan nie." Amen. "Hulle wil 'n teken hê, so Ek gaan hulle een gee, 'n superteken."

107 Hy het nie gekom in die glans van die wêreld, op die manier wat hulle verwag het Hy sou kom nie. Maar wat het Hy gesê? "'n Maagd sal swanger word." Amen. Dit was 'n teken. Dit was 'n superteken. "'n Maagd sal swanger word." Amen. 'n Super, 'n superteken; nie 'n natuurlike teken nie, maar 'n superteken; 'n maagd sal swanger word, sien, 'n bonatuurlike teken. Bonatuurlik! Dit was 'n superteken, want 'n maagd het dit nooit tevore gedoen nie, maar: "Sy sal swanger word."

108 Wat sou dit wees? "Sy Naam sal genoem word Immánuel." Hoe sal dit wees? "God en die mens sal een wees." Dis die superteken.

109 O God, as die wêreld dit maar kon sien, dat God en die mens een is! Die superteken was daardie eerste Mens in Wie God kon inkom; alles wat God was, is in Christus ingegiet. En alles wat Christus was, is in die Kerk ingegiet. Superteken, God en die mens, tesame, dit sou die superteken van die laaste dag wees, wanneer die hele Bybel vervul sou wees in die laaste dae.

110 'n Superteken: "'n Maagd sal swanger word. En hierdie swangerskap, wanneer Dit voortgebring word, sal wees God gemanifesteer in die vlees," 'n superteken. Hulle glo dit steeds nie, maar dit was in elk geval. Dis steeds 'n superteken.

111 Let op, superteken! Hulle het supermens vandag, hulle het fiksies van supermens, al hierdie ander soort superdinge. Maar die Kerk het 'n superteken, God terug in die Kerk, gemanifesteer in menslike vlees. God verenig met die mens, Sy gewisse superteken.

112 Let op die Ewige teken, 'n onfeilbare teken, Dit sal nooit faal nie. Die mens en . . . Die Woord en die mens word een. Toe God se Woord en die mens een word, soos Johannes hoofstuk 1 sê: "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en onder ons gewoon," dis die superteken.

113 O, as dit die superteken van daardie dag was, wanneer daardie selfde Gees wat op Jesus Christus was in Sy Kerk inkom, om die geskrewe Woord vir vandag te manifesteer, is dit steeds die superteken.

114 Die kerk kan die teken van die Raad hê, hulle almal wat byeenkom vir 'n valse wêreldvrede, en alles wat hulle wil wees. Die Baptiste kan sê: "Ons het 'n miljoen bygekry in '44." Die Metodiste kan allerhande aansprake maak wat hulle wil, Eenheid, of Drie-eenheid, wat hulle ook al mag wees.

115 Maar die superteken is, steeds, God bly ewig trou aan daardie superteken: dis God in die mens, manifesteer Sy geskrewe Woord. Sy Woord: "Wanneer Hy, die Heilige Gees op julle gekom het, sal Hy al hierdie dinge openbaar, hulle vir julle toon, en sal julle dinge toon wat moet kom." Hebreërs 13:8: "Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en vir altyd." Presies.

116 Abraham se Supersaad, was Hy, Superseun. Abraham het een seun gehad, hy het dit verkry deur die natuurlike vlees, dit was Isak. Dan het hy 'n ander Seun gehad, en daardie Seun was deur geloof, dit was Jesus; Hy was die Seun van Abraham, Seun van Dawid, Seun van God. Hy het in die visioen vooruitgesien. Geloof in Sy beloofde Woord, getoon in die laaste . . . om vertoon te word, in hierdie laaste dae, Abraham. Ons is veronderstel om Abraham se Saad te wees. As ons dood is in Christus, is ons Abraham se Saad; en erfgenaam saam met Hom, volgens die belofte. Nou, waarom is hierdie superteken aan Abraham gegee? Omdat dit die superteken van die laaste dag sou voortbring. Dit moet vertoon word.

117 God het Abraham die einde van die begin af getoon, en wat gaan plaasvind; God gemanifesteer in die Mens, Sy Supergeloofseun. Die mens wat nie hierdie Seun kon vernietig nie; hulle kon Isak vernietig, hulle kon Jakob vernietig, en die opvolgers na hulle, maar hierdie Superseun kon nie vernietig

word nie. Abraham, die Saad van Abraham, sy geloof, dit, nie die natuurlike saad nie, maar die geloof wat Abraham ontvang het, nie deur die wet van besnydenis nie; maar deur die geloof in die Woord, Abraham se Supergeloofseun, wat Jesus Christus was. Nou, al sy ander seuns het gesterf, maar hierdie Seun kon nie doodgemaak word nie. Hy is doodgemaak, maar kon nie dood bly nie. Die graf kon Hom nie hou nie. Hy is dieselfde gister, vandag, en vir altyd.

118 Let op Génesis 22:16 en 17, bo-op die berg waar God Abraham gewys het om te gaan, en daar het Hy 'n ram vasgehaak gesien aan sy horings, in die wildernis. Let op, nou vinnig. Nadat hy Isak gevat het en hom vasgebind het, wat sy natuurlike seun was, hom op die—die altar gelê het, om sy lewe te neem; en toe het hy sy lewe begin neem, in gehoorsaamheid in liefde vir God. En, toe hy het, het iets gebeur. Hy het 'n Stem gehoor, wat sê: "Abraham, hou terug jou hand, want Ek weet dat jy My liefhet." En toe hoor hy 'n—'n ram blêr, vasgehaak aan sy horings in die wildernis, agter hom. En hy het die plek genoem Jehova-jireh.

119 Let op, God het gesê: "En jou saad," die saad van Abraham nou: "sal die poorte besit van hulle vyande." Hy sou die poorte inneem, die poorte besit. Hy het dit belowe. Nou, sy natuurlike saad het presies dit gedoen. Al Abraham se natuurlike saad was die profete wat na hom gekom het.

120 Daar was Moses, Abraham se saad, en, toe hy het, hy by die poort gekom het, langs die weg van plig. Hy het by die poort van die Skelfsee gekom, na hy die kinders van Israel van die beloofde land wat God belowe het, geleer het. Hy was God se profeet. Hy was gemanifesteer voor die mense, as God se profeet. God het geskep, deur hom. God het allerhande soorte tekens en wonders gedoen, deur hom. En hy het net presies by God se Woord gehou, want hy het God eers gesoek. En hy het sy posisie geken. Hy het geweet hy is gebore vir daardie tydperk, om die Woord van God te manifesteer op daardie tydstip. En toe, reg langs die weg van plig, kom hy te staan teen iets waar hy nie geweet het wat om te doen nie, dit was die Skelfsee. Wel, wat het gebeur? Die saad van Abraham was belowe om die vyand se poorte te besit. So toe die Skelfsee 'n poort geword het waardeur hy nie kon kom nie, het God op die toneel verskyn en die poort gevat en daarmee weggegaan, en Moses het oor die see geloop op droë grond. Sy saad het die poort in besit geneem.

121 Die Hebreeuse kinders het die poorte in besit geneem by die vuuroond wat hulle nie eens kon brand nie.

122 Daniël het die vyand se poorte in besit geneem by die leeus se bekke wat nie geopen kon word om hom te eet nie.

123 Simson, eenkeer gevang in die . . . 'n Klomp mense het hom in die stad ingeperk. En, toe hy het, het hy daardie yslike groot poorte van die rotse afgetrek, hulle op sy skouers getel en

opgeloop na die top van die heuwel. Waarom was hy? Hy was steeds in die verbond, sy lokke het steeds aan hom gehang. Die belofte was steeds daar: "En hy sal die poorte van die vyand in besit neem." Amen. Beslis, sekerlik.

Hulle almal het gesterf, goeie stryders van die geloof. Hulle het almal gesterf.

124 Toe kom op die toneel die Supersaad van Abraham, die koninklike Saad, die super, koninklike Saad, Jesus Christus, wat Abraham se Geloofseun was; wat hy deur geloof gesien het, deur 'n belofte van God, wat hy almal sou seën, die vader van baie nasies sou wees. Sy Supersaad kom op die toneel.

125 Wat het hierdie ander gedoen? Hulle het die poorte in besit geneem van leeus, die poorte van vuur, die poorte van die see, die poorte van die stad. En oral waar hulle gekom het, was hulle in staat om die poorte in te neem, omdat hulle dit belowe was. Maar, toe dit by die dood kom, moes hulle almal sterf.

126 Nou hier kom die koninklike Saad aan. Nie alleen het Hy die poorte van die vyand in besit geneem nie, maar Hy het die poorte van die dood, die hel, en die graf in besit geneem, het opgestaan op die derde dag en die weg gebaan; het die voorhangsel van bo na onder geskeur, en die weg gebaan vir elke man of vrou wat begeer het om na Hom te kom, kon kom. Hy het die poorte in besit geneem. Nie alleen het Hy dit gedoen nie, maar hulle wat gesterf het, in geloof, het Hy gevangenskap gevange geneem, opgevaar na Omhoog, en gee gawes aan mense. Dis Abraham se Supersaad. Dis die koninklike Saad, Jesus Christus, die superteken. Onthou, dit was 'n ewigdurende teken, 'n bonatuurlike ewigdurende teken, was Jesus. Hy het uit die dood opgestaan, hulle kon Hom nie hou nie. Dood, hel, nóg die graf, kon Hom hou nie.

127 Hebreërs 13:8, soos ek gesê het: "Hy's dieselfde gister, vandag, en vir altyd," om te toon, om hierdie superteken in hierdie tydperk te toon.

128 Kyk, laat ons die pad van Abraham neem, net vir 'n oomblik, 'n tipe van sy saad. Abraham, die profeet, hou dop. God het op baie maniere met hom gepraat sedert hy die Galdéa, die stad Ur verlaat het. Hy het voortgereis. En God het hom baie groot tekens getoon, het aan hom verskyn, het hom allerhande dinge gewys wat sou gebeur, het hom vertel wat sou plaasvind. Al hierdie dinge het Hy hom vertel. Maar voor hy sy beloofde seun ontvang het, het hy gestaan naby die poorte van die Heidene, net bokant Sodom. En voor hy sy—sy superseun ontvang het, of sy seun wat 'n superseun gebore sou word, natuurlik, voor hy hom ontvang het (nou nie die koninklike Een nie), maar, voor hy hom ontvang het, het hy die superteken ontvang.

129 Wat was dit? God het na hom neergedaal, in die vorm van 'n Mens. Let op daardie Man wat met hom gepraat het by die tent waar hy was en 'n superteken verrig het.

130 En toe sy Superseun op die toneel verskyn het, het sy Superseun dieselfde teken verrig, om te toon Hy was Abraham se Supersaad. Glorie!

131 En Hy het dieselfde ding in die laaste dae belowe. Sien julle wat ek bedoel? Abraham, voordat, net voor die beloofde seun gearriveer het; soos ons nou na uitsien, Abraham se Saad, koninklike Saad. Dit was die natuurlike saad; hierdie is die koninklike Saad. Toe die natuurlike saad hulle teken gekry het, het hulle—hulle dit verwerp; so het, sal . . . niks behalwe die Koninklike Saad nie, steeds sal daardie kerksaad Dit weer verwerp. Hulle het dit altyd gedoen. Maar, let op, watter soort teken was dit?

132 Laat ons net kyk en sien wat die superteken was. Daar het 'n Man nadergekom, drie van hulle. En het julle opgelet, toe—toe Abraham drie mans sien kom het, het hy uitgegaan en hy het gesê: "My Heer, sal U my verbygaan? Kom in en gaan sit. Laat ek 'n bietjie water gaan haal en U voete was. En neem 'n brokkie brood, gaan dan voort met U sake." Hy het drie sien kom, en het die drie genoem, Een: "Heer."

133 Lot, die kerk in naam, daar—daar in Sodom, hy het twee sien kom, en hy het gesê: "My Here."

134 Abraham het geweet "hierdie drie is een." Daar was werklik net Een, van hulle. Kyk, twee van hulle het heengegaan na Sodom, en die Een het by hom gebly. Hy het gesê: "My Heer." Let op die Een wat by hom gebly het; Abraham, synde 'n tipe van die uitgeroepenes, nie in Sodom nie, die uitverkorene vir daardie uur.

135 Nou, onthou, die Heidene was gereed om verbrand te word, net soos dit nou is. Die Heidense wêreld gaan deur vuur vernietig word. Ons weet dit.

136 Kyk nou na die superteken. God het neergedaal in die vorm van 'n Man en het 'n teken verrig, met Sy rug gedraai na die tent, en het gevra waar Sara was. En Abraham het gesê: "Sy is in die tent, agter U."

137 En Hy het gesê: "Ek gaan jou besoek volgens die tyd van die lewe." Let daarop: "Ek," sien: "Ek sal jou besoek."

138 En, kyk, Hy het hom nie Abram genoem nie. Net 'n paar dae tevore, was hy Abram. Maar God het sy naam verander, in die Gees, met hom gepraat. Maar hier is God in die vlees; het pas 'n kalf geëet wat Abraham doodgemaak het, die melk van die koei gedrink, en brood geëet. Dink daaraan. 'n Man, stowwerige klere, vuil voete, amen, God!

Julle sê: "Dit was nie God nie."

139 Abraham het gesê Dit was, hy het gesê Hy was "Elohim," die Een wat hemele en aarde geskape het, die algenoegsame Een, God in 'n menslike vorm. Amen.

140 En Hy het 'n teken vir Abraham verrig, om hom dit te laat weet, dat die Heidense wêreld op 'n einde was. En dat Hy daardie Supersaad was. Hy het gesê: "Waar is Sara?"

Het gesê: "Sy is in die tent, agter U."

Hy het gesê: "Ek gaan jou besoek volgens die tyd van die lewe."

141 En Sara het iets gedoen. Sy het soort van gelag. Hy het gesê: "Waarom het Sara gelag, gesê: 'Hierdie dinge kan nie wees nie'?" Hy het gedagtes waargeneem wat in Sara se gemoed was in die tent, agter Hom. En hy het geweet dit was God.

142 Nou kyk. Jesus, toe Hy op die aarde kom, was Hy daardie Supersaad. En, toe Hy gekom het, het Hy daardie einste ding aan die mense verklaar. Is dit reg? Nou, geweet dat hierdie endtyd aan kom is, en het gesê: "Die dinge wat Ek doen, sal julle dieselfde, omdat God gesê het Ek gaan aan julle gee 'n Ewige, ewigdurende teken." Amen. Daar is die superteken.

143 Kyk na die verloop van die kerk. Dit het aangekom deur Luther, Wesley, Pinksters, denominasies. Ons het openbarings gehad en alle ander soorte dinge. Ons het spreek in tale gehad. Ons het gawes van genesing gehad. Ons het alles gemanifesteer.

144 Maar, kyk, reg teen die endtyd, voor die verbrand en die vernietiging, verskyn die superteken misterieus, weer reg op die toneel voor ons, amen, God Self. Nie 'n mens nie, maar God gemanifesteer; 'n superteken, 'n ewigdurende teken, 'n Ewige teken, 'n superteken, God gemanifesteer in die vlees! Dieselfde teken wat Sy Seun gedoen het, Sy Superseun het dieselfde in die endtyd belowe: "Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees met die Koms van die Seun van die mens." Die superteken sal terugkeer.

145 Ons het al hierdie ander dinge gehad, die pad van Abraham se koninklike Saad het opgekom langs daardie selfde pad wat Abraham langs gekom het.

146 Maar net voor die vernietiging van die wêreld, moet die superteken weer verskyn, 'n Ewige, ewigdurende opstandingsteken wat bewys dat die koninklike Saad nie doodgemaak kon word soos Daniël en soos die res van die profete was nie. Die graf kon Hom nie hou nie. Omdat Hy . . . Die ander het die poorte van die vyand verorwer, soos vuur, en leeu, en—en swaard, ensovoorts. Hulle het dit verower. Maar hierdie koninklike Saad het die dood, hel en die graf oorwin. Niks kon Hom hou nie. Waarom? Hy's 'n ewigdurende superteken! Wat is 'n superteken? Die opstanding van Jesus Christus, wat dood was vir tweeduisend jaar, wat steeds in ons midde staan, net soos Hy toe het, Hom in Sy Kerk manifesteer, in menslike vlees. Hy's dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Amen.

147 "'n Maagd sal swanger word. En van toe af sal God en die mens een wees, saam verenig," 'n ewigdurende, Ewige teken, 'n superteken.

Hy leef, Hy leef,
Christus Jesus leef vandag!
Vra jy my dan hoe ek weet Hy leef?
Hy leef hier in my hart.

148 Ek sien Hom tussen ons. Sy uitverkore Saad sal almal dit sien. Ja, meneer.

149 Die uitverkorenes van Sy dag het dit gesien. Die voorbestemdes kon dit sien. Te midde van ongeloof, het hulle dit steeds geglo. Hulle het reg tussen ongelowiges gesit en dit steeds openlik bely: "Ja, U is die Seun van die God, die Koning van Israel." O, goeiste!

150 Reg te midde van duisende ongelowiges, het een man, met die naam van Simon Petrus, uitgestap. En Hy het gesê: "Jou naam is Simon, en jy's die seun van Josef." Wat was dit? Daardie superteken. Daar het die Profeet daar gestaan, daar was die superteken, en Simon Petrus het dit aanvaar ongeag wat enigeen gesê het. Die groot ou forse boelie word 'n gedweë lam voor God.

151 Let op, daar was Natániël, 'n leraar, 'n geleerde inderdaad, wat God gelo het. En Filippus het gegaan en hom teruggebring van sy—sy stad af, hom daarheen gebring. Toe hy kom waar Jesus gestaan het, het Jesus gesê: "Aanskou 'n Israeliet, in wie daar geen bedrog is nie."

152 Hy het gesê: "Rabbi, wanneer het U my geken? Hierdie is verstommend. Ek het my groot-groot-groot-groot-oupagrootjies hoor praat oor *So-en-so* en *So-en-so*, lank gelede. Ek het nooit daarvan gehoor in my . . . Hoe het U my geken?"

153 Jesus het gesê: "Voor Filippus jou geroep het, toe jy onder die boom was, het Ek jou gesien." 'n Superteken! Amen. Priesters en Rabbi's was klaar. Daar was God se Ewige superteken. Ja.

154 Hy moes by Samaria langs gaan. Onthou daar is drie rasse mense; Gam, Sem en Jafet se mense. Hy het by die Samaritane langs gegaan. Daar kom 'n vroutjie uit, by die put, om bietjie water te kry. Jesus, sodra Hy met haar gepraat het, het gesê: "Bring vir My om te drink."

155 Sy het gesê: "U het niks om mee te skep nie," ensovoorts. En die gesprek het voortgegaan. Hulle het oor die rasseprobleem gepraat, ensovoorts.

156 Na 'n ruk, sê Hy vir haar: "Gaan haal jou man en kom hierheen."

157 Nou sy het gesê: ("hierdie Man probeer slim wees met my,") sien: "Ek het nie 'n man nie."

158 Het gesê: "Jy't die waarheid gepraat. Jy't vyf gehad, en die een met wie jy nou saamleef is nie jou man nie." Superteken!

159 Luister na haar: "Meneer, ek merk dat U 'n Profeet is," superteken, 'n manifestering van die Woord vir daardie dag. Hou dop. "U is 'n profeet, maar ek sien nie in die Bybel waar enige profeet veronderstel is om in hierdie tyd te wees nie. Maar ons sien uit na die Messias, en, wanneer Hy kom, sal Hy God se beloofde Woord manifesteer. Dit sal Hy wees."

160 Daardie arme vroutjie het meer van God geweet as die helfte van die predikers van die dag, in daardie landstreek. Waarom? Sy was voorbestem daartoe. Toe daardie Lig dit tref, kom daardie saad tot Lewe. Jy kan dit nie verberg nie. Nee.

161 Kyk na Natániël, hy't nie omgegee nie—hy't nie omgegee wie daar gestaan het nie. Hy het reg voor sy priester en almal gestaan, gesê: "Rabbi, U's die Seun van God. U is die Koning van Israel na Wie ons op soek is." Hy het die superteken gesien.

162 Hierdie vroutjie, te midde van al die probleme wat sy gehad het, hardloop daar deur die stad, en het gesê: "Kom kyk, 'n Man wat my vertel het wat ek gedoen het. Is dit nie die einste Messias nie? Is dit nie waarna ons op soek is nie?" Superteken!

163 Nou, onthou, die Heidene het dit toe nie gekry nie, maar hulle moet dit ontvang, want God kan nie Sy kontinuïteit verander nie. Hy moet. Onthou, Hy het dit belowe. Hy het gesê Hy sou dit doen. Hy het belowe Hy sou dit doen. En in die laaste dae, sou Hy dit doen. Jesus het so gesê: "Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees met die koms van die Seun van die mens." Ons word belowe, in die laaste dae, volgens Maleági 4, dat iemand sal opstaan in die laaste dae, wat sal probeer terugbring, en al die koudheid en al hulle tradisies en dinge probeer afskud: "en die Geloof van die mense herstel weer na die apostoliese vaders, na die oorspronklike Woord." Ja.

Julle sê: "Dit was—dit was Elía in Johannes." O, nee, nie.

164 Elía in Johannes se tyd was Maleági 3: "Ek stuur My Boodskapper voor My aangesig."

165 Want, onmiddellik na *hierdie* profesie voortgegaan het, is die hele wêreld uitgebrand. Tweeduisend jaar is verby, en die wêreld is nie uitgebrand nie. "En die regverdiges het uitgestap op die stof van die—van die as van die bose."

166 Broer, suster, ons lewe in die dae van supermarket, superspuitvliegtuie, superhoofweë, superrasse, super wat nog. En daar is 'n superteken! Ons het die teken van godsdiens gehad. Ons het die teken van herlewings gehad. Ons het die teken van saam te kom gehad. Ons het die teken van spreek in tale gehad. Ons het die teken van genesing van die siekes gehad. Ons het al hierdie tekens gehad.

167 Maar, tog, vind ons in die Bybel dat, die laaste teken voor die Seun gearriveer het, dit was 'n superteken. Jesus het gesê: "Soos dit toe was; voor die beloofde Seun weer arriveer, sal daardie superteken weer op die aarde kom." Ek verklaar aan julle, vanaand, in die Naam van Jesus Christus, dis nou op aarde. Nie alleen dit nie, maar dis reg hier tussen ons vanaand. Die Heilige Gees, God se superteken, die opgestane Jesus Christus, Dit kan nie faal nie. Dit is 'n Ewige teken. Dit kan nooit verander word nie. "Hemel en aarde sal verbygaan, maar Dit sal nooit verander nie." Dis 'n Ewige, ewigdurende teken, God gemanifesteer in menslike vlees. God het Hom bekend gemaak in menslike vlees.

168 Glo julle dat dit die Waarheid is? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Met julle hele hart, glo julle dit? ["Amen."] Moet jou nie opsluit soos 'n waterskilpad in 'n dop nie. As daar enige waterskilpad in jou is, vat die dop weg. Laat die Heilige Gees inkom. Moet jou nie sluit vir enige geloofsbelydenis of denominasie nie. Broer, suster, die uur het aangebreek. Ek glo dat God soveel gedoen het as wat Hy gaan doen. Die volgende ding is optrede van die kerk of anders gaan ons verlore raak.

169 Ek vra sommer enigeen om te betwis dat dit so is. Ek het dit om en om die wêreld heen gevra, en nie een keer het almal, enigeen dit ooit probeer nie. Hulle weet van beter. Hulle weet van beter, want dis die Woord, en God bewys Dis Sy Woord. Waarom dit dan nie aanvaar nie? Amen. As dit die tyd is, moet dit nie te lank uitstel nie.

170 Baie mense wou Jesus aanvaar. Hulle het gedink hulle sou dit doen, "op 'n ander geleë tyd," het een gesê. Hulle wil Christus aanvaar, maar hulle stel dit te lank uit. Sommige het Hom van hulle hande af probeer kry, en het dit met water probeer afwas, het dit op iemand anders probeer aflaai, maar dit het teruggekap.

171 Dis in jou hande vanaand, reg in jou skoot teruggegooi! Hebreërs 13:8, ongeag hoeveel Rade van Kerke ons het, bly steeds as "Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en vir altyd." "Die werke wat Ek doen!" As—as Sy Lewe in jou is, sal dit Jesus Christus manifesteer. Amen.

172 Nou julle kan nie almal daardie een wees nie, maar julle kan deel wees daarvan, met julle geloof.

173 Hulle almal kon nie 'n Jesus wees, toe hulle op aarde was nie, maar hulle kon Hom glo en die boodskap aanvaar. Daar was een Moses, een Elía, een Noag, daar voort, was dit altyd, maar die res van hulle kon dit aanvaar. En hulle sou geen bediening gehad het tensy daar iemand was wat dit geglo het nie. Jesus sou geen bediening gehad het tensy iemand dit geglo het nie. Paulus sou geen bediening gehad het tensy iemand dit geglo het nie.

174 Die Heilige Gees het geen bediening deur die Woord, vandag nie, tensy iemand gewillig is om weg te kom van hulle

geloofsbelydenis en weer terug te kom na die Woord, maak nie saak hoe goed dit hier is en hoe werklik dit hier is nie. Dis nou hier. Ek weet dis hier. Ek voel dit. Ek weet dis hier. Die Woord sê dis hier. "Wanneer twee of drie vergader is in My Naam, is Ek in hulle midde." En ek glo waarlik dat Hy hier is, "dieselfde gister, vandag, en vir altyd."

175 O, as ek hierdie klein tabernakel kon kry. . . Ek is lief vir julle. En ek glo nie daar is 'n mens op aarde wat ek kan sê ek liewer voor is nie as Jack Moore, en, dis reg, Young Brown, en Lyle, en hierdie manne hier. Ek het vandag 'n artikel gelees, wat Anna Jean geskryf het, ek sou haar toestemming vra om dit weer te herdruk, oor die mooi dinge wat hulle kan sê. En—en, kyk, maar as julle nie wakker word, gou nie, gaan dit te laat wees. Die Life Tabernakel, ek's deel van julle, en dis waarom ek uitroep. Jaar vir jaar, vind ek dit koel af. Julle let dit dalk nie op nie, julle bly reg daarin, maar bly in die veld en keer dan terug met die herinneringe van die jaar tevore. Het ek julle nie gesê nie, daar in daardie tentjie, een aand nie: "Van hierdie uur af aan"? Wat het ek gesê oor Shreveport toe daardie vrou daardie vuil berig oor my geskryf het daardie keer?

176 Onthou wat ek gesê het daardie keer oor die Verenigde State, drie of vier jaar gelede, vyf, het toe deur al die koerante geloop? Ek het gesê: "Hierdie jaar sal die Verenigde State die Evangelie aanvaar of hulle sal dit nooit doen nie." Hulle het afgeneem sedert daardie tyd. En daar sal nooit meer 'n—'n groot herlewing in Amerika wees soos daardie nie. As julle glo ek is 'n profeet, moet julle onthou dis die Woord van die Here. Hou maar dop en kyk of dit nie doodgaan nie. Die kerke gaan dood. Hulle verwelk. En dit maak my dood, binne-in my, om dit te weet, manne en vroue wat ek liewer het as my eie lewe, wat ek my lewe gegee het.

177 Ek het tussen julle gekom as julle broer, nie julle God nie; julle broer, nie julle vyand nie; julle broer! Ek het julle die Waarheid vertel, en God het dieselfde verklaar. Met elke woord wat ek gepreek het, het Hy dit verklaar te wees die. . . presies die Waarheid. [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Nou waarom Dit dan nie aanvaar nie, broer, suster? Met die liefde van Jesus Christus, waarom aanvaar julle Dit nie? As julle net maar sal glo dat dit die Waarheid is, aanvaar net Dit is die Waarheid, dis al wat ek julle vra om te doen.

178 Laat ons net 'n oomblik ons hoofde buig. Ek gaan daar ophou met daardie notas net daar. Ek het gesê ek gaan 'n altaaroproep maak, en Billy Paul gebedskaarte laat uitgee. Ons het nie vanaand enige gebedskaarte gehad nie, dit was te laat om hulle uit te gee. Ek—ek het my belofte vergeet. Ek sal hom môre-aand hier hê, omtrent sesuur. Ons het in elk geval nie die gebedskaarte nodig nie. Ek het julle altyd probeer wegkry van daardie tradisie, altyd van hande oplegging soos die Jode gemaak het. Jaïrus het gesê: "Kom lê U hande op my dogter en sy sal

lewe." Die Romein het gesê: "Spreek net die woord," dit was die Heidense manier van dit te glo.

179 As ek julle die Waarheid vertel het, luister nou na hierdie uitdaging; as ek julle die Waarheid vertel het, dan moet ek hier op hierdie platvorm staan voor julle en julle dit sê. En watter nut het dit om julle dit te sê as God nie daarin is nie? En as dit God se Waarheid is, is Hy—is Hy verplig om Dit te rugsteun. Hy moet Dit rugsteun. Hy het belowe Hy sou.

180 Maar gaan—gaan ons verstom sit? Het die Gees. . . Is dit "Ikabod" oor die Life Tabernakel? Is dit geskryf oor die tabernakel? Is dit geskryf oor die kerke wat ek besoek het dwarsoor die nasie? Is dit so donker en dig nou dat daardie "een *hier* en een *daar*, een op die land: 'Ek sal een neem,' en miskien een daar oorkant aan die ander kant van die wêreld, en 'Ek sal een neem'"? "Soos dit was in die dae van Noag, waarin agt siele gered is deur water, so sal dit wees met die koms van die Seun," het ons daardie punt bereik?

181 Het die bediening van Jesus Christus, in hierdie dag, die patroon gevolg van die dag toe Hy die eerste keer gepreek het? Toe Hy 'n jong Galilése Profeet was, wou almal Hom in hulle kerk hê, toe Hy die siekes genees het, en alles. Maar toe Hy gaan profeteer het en hulle tereggewys het, en hulle "'n klomp adders" genoem het, net daar het Hy begin afneem, en het uiteindelik gelei tot Sy kruisiging, doodmaak.

182 Maar, onthou, Hy het nog 'n ander bediening gehad, Hy het gepreek vir die Ewig verlorenes en verdoemdes, wat hulle nie bekeer het in die dae dat hulle die kans gehad het om hulle te bekeer nie. Sal daardie bediening so terugkeer, dat die bediening sal voortgaan om na verlore en verdoemde mense te gaan, waar daar geen genade vir hulle te verkry is nie? Dink daaraan, wat as dit kon.

183 Julle sê: "Is dit, Broer Branham?" Ek weet nie. Dit kan dalk later wees as wat ons dink.

184 As jy die skaduwee van enigiets sien, weet jy wat dit sal wees wanneer die positief is. Het julle julle hande op, en sien vier vingers, vyf vingers, wat jou hand ook al sal wees wanneer die negatief positief gemaak word, dis wat dit is in die skaduwee.

185 Glo, vriende. O, God help julle! Goeiste, hoeveel keer. . . Julle het pakke klere vir my gekoop. Ek het, daar anderkant nou, presente, dose lekkergoed, emmers stroop. Julle het selfs gegee vir my—my familie, handdoeke; my kinders, klere. Julle het my gevoed. Julle het gedoen alles wat julle kon doen. En laat ek nou iets vir julle doen. Laat—laat—laat ons laat. . .

186 O, as God maar net kon inbreuk maak, op 'n manier, sommer nou! Aan julle daarbo, daaronder, waar julle ook al is, op die balkon, as God nie rugsteun wat ek sê nie, dan het ek gelieg. Maar as Hy dit wel rugsteun! Ek weet julle het 'n klomp vleeslike

nabootsings gesien, maar dit behoort die ware ding beter te laat skyn vir julle. Wees gelowig, en glo.

187 Natuurlik, daar is nie 'n gebedskaart in die gebou nie. As daar is, steek jou hand op, wie ook al 'n gebedskaart het van hierdie byeenkoms. Sien, daar is nie een nie. Maar daar sit siek mense wat hier sit. En as die Heilige Gees, reg hier op hierdie platvorm, sal openbaar en deur hierdie gehoor gaan en hier rondom deur na julle mense . . .

188 Kyk na wat die Bybel gesê het. Wat is die superteken? Is dit Woord gemanifesteer in elke tydperk. Is dit reg? Wel, waarom kon hulle Jesus nie glo nie? Wanneer, Hebreërs 4 gesê het dat: "Die Woord van God is vinniger, kragtiger as 'n tweesnydende swaard, wat deurdring." Dit is wanneer Dit in Sy krag verkondig word, sny Dit regs en links, tweesnydend, sny beide kante toe. Wat is dit? "Sny reg tot op die murg van die been." En wat anders doen dit nog? "Onderskei die gedagtes wat in die hart is."

189 Jesus staan daar, en Sy profesie sny daardie godsdienstige mense aan stukke, en het hulle genoem "'n klomp duiwels," op mense; en het geroep om hulle vergifnis toe hulle Hom gekruisig het.

190 Soos Broer Jack op 'n keer gesê het, het 'n opmerking gemaak: "Sy Eie kinders wat om Sy Bloed roep." Dit is reg.

191 Hy het hulle probeer red van 'n duiwel se hel. En toe hulle daardie onderskeiding sien voortgaan het, hoekom nie geweet, het hulle nie geweet dit was God se superteken nie? Dieselfde rede waarom die kerk dit vandag nie weet nie. Maar wanneer daardie Lig ook al daardie voorbestemde saad tref, sal dit tot Lewe kom. Ja, inderdaad, jy kan dit nie weerhou nie.

192 Die solêre son daarbo, s-o-n [Eng. "sun"—Vert.], het beheer oor alles plantkundige lewe. Wanneer 'n saad daar lê en daardie son tref dit, sal dit tot lewe kom. Ja, meneer.

193 En die S-e-u-n [Eng. "Son"—Vert.] van God is die beheerder van alle Ewige Lewe. En as jy 'n saad van Lewe in jou het, broer, wanneer daardie S-e-u-n daar tref en jou toon wat Hy is, kom dit tot Lewe. Daar is geen manier om dit daarvan weg te hou nie.

194 Julle moet nou glo. Glo maar net. Glo in God terwyl ons eerbiediglik bid.

195 Hemelse Vader, hier lê hier voor my 'n klomp doeke, sakdoeke. O God, almal glo in U as 'n geneser. Sekerlik. Alle volle-Evangelie mense glo so in U. U is 'n geneser, en U is so goed vir en genadig teenoor hulle. Reg in die ure van U kruisiging, het U steeds genees, die—die Romeinse hoofman oor honderd se oor weer aangesit, wat Simon met sy swaard afgekap het. Die vyand wat U kom haal het, U was steeds goed en genadig om te genees. U doen steeds dieselfde ding.

196 Maar, Here, kan dit mense se oë oop raak en sien wat ons hulle probeer sê, dat dit—dit die endtyd is! Ek bid, God, ek bid in Jesus se Naam, laat dit vanaand gebeur, Here. Laat Life Tabernakel sy naam vanaand aanneem, Lewe, Ewige Lewe. Die hele groep wat vanaand hier onder sy baniere is, mag Lewe kom, oorvloediglik.

197 Nadat die Woord hier uitgelê is, net so duidelik as Dit kan wees, die belofte vir die dag, U het Dit in hierdie dag belowe. Ons is bewus daarvan, Here.

198 En ons is Abraham se kinders, het aangekom, daar deur soos Abraham het. Van oorkom na; verklaring. Oorkom na 'n vreemde land; ons het dit gedoen, ons het visioene en openbarings gehad, en alles, van God. Hoe het Hy nie met ons gepraat en ons genees nie, en dieselfde dinge gedoen wat Hy aan Abraham gedoen het! Maar teen die endtyd, net voor die beloofde Seun, toe het God getoon wat die endtyd sou wees, deur die superteken.

199 En dan daal die Supersaad, Jesus Christus, die Geloofsaad neer en doen daardie selfde ding teen die einde van die Jode, as wat hulle gedoen het teen daardie einde.

200 En nou aan die einde van alle dinge, het Hy belowe om weer te kom. "Soos dit was in die dae van Noag, en in die dae van Sodom." "Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen." As Sy Lewe in ons is, reflekteer Dit Hom. Dit reflekteer die bouer, die maker van die produk; sy werk reflekteer hom altyd, homself. En God is gereflekteer in Christus: "As julle My nie kan glo nie, glo die werke."

201 En nou bid ek, God, dat U elkeen sal genees van diegene waaroor ek met opregtheid bid. Genees hulle, Here. Skenk dit.

202 En nou, liewe Hemelse Vader, hier staan ek. Ek besef ek—ek kan nie veel langer hierrond wees nie, ek sien my natuurlike lewe wegkwyn. Help, vanaand, Here, hierdie een keer. Gee, Here nog een keer dat—dat die mense nou die verlede sal vergeet, en streef na die teken van die hoë roeping. Skenk dit, Here.

203 Ek gaan U vra om iets te doen wat dit 'n moeilike ding gaan wees, Vader. Ek besef dit. Maar ek gaan U vra om Jesus in ons te laat kom. En, Vader, net om my te salf, dit sou nie veel goed doen vir hierdie gemeente nie tensy U hulle ook salf nie. Ons—ons is een tesame. En salf hulle met geloof, dat iemand hier. . . Daar is vir seker iemand hier wat genoeg geloof het om dit te doen, soos daardie vrou wat Sy kleed aangeraak het. "En Hy is die Hoëpriester juis nou wat geraak kan word deur meegevoel met ons swakhede," om te toon dat Hy steeds daardie superteken is, God in die mens; God wat werk deur die mens, die ongeletterde en hulle wat hulleself sal vergeet, en net die Gees deur hulle sal laat werk. Daar sit vroutjies hierbinne, wat, miskien, ly aan dieselfde ding wat daardie vrou gehad het. Daar sit Simons

hierbinne, vanaand, Here, die—die seuns van Jonas, as't ware. Hulle sit hier. Help nou, Here, dat die mense kan weet.

204 En antwoord my gebed waar ek . . . Nie deur emosie nie; ek weet ek's emosioneel, maar ek's heel . . . Ek's ontsteld, Here, waar ek dinge die weg sien gaan wat hulle gaan. Dit—dit vermoei my dat die . . . Laat die mense terugkeer na die Woord, en vergeet van al hierdie fantastiese dinge van die uur, die gewilde opinies van die wêreld; terugkom na die Woord, die Woord gemanifesteer in die uur waarin ons nou lewe. Skenk dit, Here.

205 En terwyl ons ons hoofde gebuig het, wil ek hê elkeen van julle moet bid, net—net in eenvoud. Moenie . . . Hou net julle hoofde gebuig en bly net bid, sê: "Here, help my nou."

206 En hou iets in jou gemoed waarvoor jy wil bid. En as die Here Jesus steeds lewend is, dan sekerlik, vriende, sou dit die superteken wees. En sommige mense het gesê: "O, daar is geen twyfel dat dit gedoen kan word nie, Broer Branham het 'n groot gawe van die Here. En ek glo, wanneer hy onder die salwing is, is hy 'n profeet van die Here, maar moenie na sy Lering luister nie." Nou enigeen wat dit sou doen, dit sou sê, en veronderstel is om 'n geleerde te wees? Wanneer dit die einste teken is dat die Lering reg is, volgens die Bybel.

207 En as jy 'n sondaar is, die bad wag daar. As jy nog nooit gedoop is in die Naam van ons Here Jesus Christus, vir die vergifnis van jou sonde nie die bad wag. As jy nog nie die Heilige Gees ontvang het nie, jy moet daardie Merkteken op jou hê, anders sal jy nie deur die Poort gaan nie. Jy moet wees met die Lewe van Christus in jou.

208 Nou bid julle en vra God om julle te help, terwyl ons nou bid. En die susters by die—die instrumente daar: "Glo net."

209 Dink sommer, daar teen die heuwel af kom Jesus. Net in jou verbeelding, sien Hom by die deur instap, en hierheen loop en hier in die preekstoel staan, en sê: "Kinders." Verbeel jou dit nou net in jou gedagte.

210 En wees almal werklik eerbiedig, en wees regtig stil en bid. Oral, bly net bid, sê: "Here Jesus, wees my genadig. Here, ek glo."

211 Vader, God, hulle is nou stil. Hierdie gewyde oomblik, ek glo dat U hier is. Ek glo dit, daardie groot Vuurkolom wat Israel deur die wildernis gelei het, wat in vlees gemanifesteer is. Hy het gesê Hy was. "Voor Abraham was, IS EK. Ek kom van God, en Ek gaan na God."

212 Na Sy dood, begrafnis, opstanding, en hemelvaart; Paulus met Hom op die pad, oppad af na Damaskus toe. 'n Groot Lig het hom neergefel. Daardie Hebreër sou Hom nooit "Here" genoem het as hy nie geweet het dit was daardie selfde Vuurkolom nie. "Wie is U, Here?"

Hy het gesê: "Ek is Jesus."

213 En hier is U vanaand, met ons, dieselfde Lewe in ons. Ek dank U Daarvoor, Vader. Nou laat dit bekend wees dat ek die Waarheid vertel het. En dit. . . Daardie maagd wat swanger word, om die mens en God bymekaar te bring, is dieselfde teken wat vanaand onder ons is aan die einde van die tydperk, die superteken. Laat dit nog eenkeer wees, Vader. Ek bid deur Jesus Christus se Naam.

Nou hou net aan bid.

214 Nou neem ek elke gees hierbinne onder my beheer, in die Naam van Jesus Christus. Nou as jy wil bid, hou aan bid; as jy wil opkyk, doen nou wat jy ook al wil. Bly jou getuienis hou. Bly jou geloof hou, as jy bid.

215 Ek sien, daar voor my nou, in hierdie middelpaadjie, hier, 'n dametjie, vrou, sit hier reg agter, wat pas haar kop optel; in hierdie middelpaadjie, daar ver aan die agterkant. Sy ly aan 'n rugprobleem. Ja. Glo jy dat God jou rug sal genees? Doen jy dit? Goed. Dis waarvoor jy gebid het. Is dit reg? Steek jou hand op. Julle is albei genees. Die dame reg langs haar het ook 'n rugprobleem gehad, want sy het haar hand opgesteek. Ek het dit van haar na haar sien kom. Nou, ek ken julle nie, ken ek, nie een van julle nie? Maar dis wat reg was. As dit reg is, steek julle hande op.

Nou is dit die superteken?

216 Hier, reg direk agter *hierdie* paadjie, aan my. . . *hierdie* kant reg agter aan die agterkant, is daar 'n vroutjie wat nie kan sluk nie, skaars. Daar is iets verkeerd met haar—met haar—haar sluk. Sy kan skaars sluk. Maar sy glo. Sy is van buite die stad. Sal jy glo suster, dat jy so sal wees dat jy kan sluk? Sal jy jou genesing aanvaar? Steek jou hand op as jy sal. . . Goed, nou kan jy genees word. Nou, as dit, as ek 'n vreemdeling vir jou is, wuif jou hand *so*. Dis reg, sien. Maar, dis wat, sy het toe net daar gesit en probeer sluk. Nou, sluk nou en jy kan reg sluk. Kyk of dit reg is.

217 Glo julle dat die Engel van die Here hier is? Glo julle dit, die superteken? Daardie mense, oraloor in die gebou. Iemand hier, naby. Ek sal my rug draai, net om julle te laat weet, in elke sin, dat Dit die Here Jesus is. Ek sal my rug draai. En iemand bid, glo. As jy dink ek kyk na jou, om soort van jou gedagtes te lees, of iets, glo jy net. As Hy kon sê waaroor Sara gebid het, of wat sy gedoen het in die tent agter Hom, want God was gemanifesteer in die vlees van 'n wese, 'n mensewese wat geëet, gedrink het, 'n teken! Ek het julle gesê dit was 'n superteken.

218 Ja, hier kom nou 'n man voor my op. Hy staan reg agter my. Hy is *hier* reg agter. Hy is aan die blind word. Sy naam is Maclusky. As hy met sy hele hart sal glo, sal God hom genees. Staan op. Ek het die man nog nooit in my lewe gesien nie. Glo, meneer.

219 Wat van daar aan *hierdie* kant, sal julle hier glo? Glo julle met julle hele hart? Julle moet bid.

220 Ek sien 'n vrou, en sy ly aan iets. Sy dink dis epilepsie, want sy word flou. Sy kom van die Suidooste, van . . . Sy is van Florida. En haar naam is Mev. Kinney. As jy sal glo, Mev. Kinney, en opstaan op jou voete, sal jy genees word van daardie floutes. Staan op jou voete. Ek het die vrou nog nooit in my lewe gesien nie. Sy's 'n totale vreemdeling. Vra haar.

221 Glo julle Hy is die superteken? Wat van in *hierdie* deel, glo julle?

222 'n Vrou wat ly, tot byna 'n senuwee ineenstorting, reg daar *hierdie* kant. Haar naam is Mev. Jones. As sy met haar hele hart sal glo, kan sy genees word. Mev. Jones, as jy sal glo, en op jou voete staan en glo dat Jesus Christus jou gesond maak, kan jy jou genesing kry. Sy, 'n totale vreemdeling vir my, ek het haar nog nooit in my lewe gesien nie. God weet dis waar.

223 "'n Maagd sal swanger word en sal 'n Seun baar, en Sy Naam sal genoem word *Emmánuel*, wat volgens interpretasie is: 'God met ons,'" God hier binne-in ons, God se superteken.

224 Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Wel, ons is by die endtyd. As Hy hier is, waarom aanvaar julle Hom nie nou nie? Sien julle wat behoort te gebeur? Sien julle wat moet plaasvind? Elke persoon moet sommer nou volkome genees word. Daar is Iemand, daar is Iets hier om dit te doen. Almal weet dit.

225 God in die Hemel weet ek ken geen van daardie mense nie. Hulle—hulle is totale vreemdelinge. Vra hulle en kyk. Ek weet niks van hulle af nie. Ek weet nie wie hulle is, waar hulle vandaan kom, of niks nie.

226 Maar as julle my woord daarvoor aanvaar, as dit waar is, sal ek sommer nou vir julle sê, die Heilige Gees sirkuleer sommer oral in hierdie plek rond. Daardie Lig is net hier oral rond. Nou as die Woord reg is, en die Woord voor julle gemanifesteer word, wat is die probleem dat ons Dit nie ontvang nie? Wat is volgende, broer?

227 Jy het ook 'n probleem, iets oor . . . Wel, dis jou vrou. [Iemand sê: "Ja, meneer."—Red.] Dis reg. Net 'n minuut tot ek sien wat dit is. Jy't dit bely, laat dit gaan daarmee.

Ek daag julle sommer nou uit om God te glo, die superteken.

228 Al ding wat ek van daardie seun weet, ek het sy hande geskud. Ek kan julle nie sommer nou sy naam sê nie. Maar dis presies wat verkeerd is. Ek het dit nie geweet nie. Ek was daar die dag toe hy getroud is, maar iets het gebeur. Ek wil dit nie hier noem nie.

229 Maar, goed, glo julle God nie? Hy het gesê hierdie superteken sou plaasvind. Hoeveel wil Hom sien? Laat ons jou hand sien, sê: "Ek, ek sal Hom glo." Amen. Onder, waar julle ook al is, bo op die

balkon, onthou God se superteken, die Woord van belofte word vandag net hier voor julle gemanifesteer, hierdie dag.

230 Jesus het die Skrifte gelees, en omgedraai en gesê: "Hierdie dag word hierdie profesie in julle midde vervul."

231 Ek sê, in Jesus Christus se Naam, hierdie dag word die endtydteken voor julle gemanifesteer.

232 Hoeveel is siek? Steek julle hande op. In die Naam van Jesus Christus, in Sy Teenwoordigheid, as julle kan glo wat julle gesien het, die Waarheid te wees en afkomstig van God, vra ek julle in Jesus Christus se Naam, staan op en aanvaar Dit dan, sê: "Ek sal Dit aanvaar. Dit sal—dit sal dit vir my afhandel. Ek glo." Ek gee nie om waar julle is nie. Dis goed. Steek nou julle hande op. Nou gee net lof aan God. [Iemand sê: "Sakdoeke?"—Red.] Ek het klaar vir hulle gebid.

233 Nou loof Hom net, staan daar. Die superteken, die superteken reg—reg in julle midde, God se superteken vir die laaste dag! Amen.

God seën jou, broer.

Die Superteken AFR63-1129
(The Super Sign)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Vrydagaand, 29 November 1963, by die Life Tabernakel in Shreveport, Louisiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2015 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org